testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN

## 2021

**10870**

**TOERISME**

**TYD:** 3 uur

**PUNTE:** 200

**29 bladsye**

**TOERISME**

10870A

X05

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

**Lees die instruksies noukeurig deur voordat jy die vrae beantwoord.**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings en TIEN vrae.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE vraag op ’n NUWE bladsy.
4. Nommer jou vrae soos die nommeringstelsel in die vraestel.
5. Gebruik die puntetoekenning wat by elke vraag aangedui is om die lengte van jou antwoord te bepaal.
6. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Die tabel hieronder is ’n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| A | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | Kaartwerk en Toerbeplanning;<br>Buitelandse valutaverhandeling | 50 | 50 |
| C | Toerismebesienswaardighede;<br>Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 | 50 |
| D | Toerisme Sektore; Volhoubare en<br>Verantwoordelike Toerisme | 30 | 30 |
| E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme;<br>Kommunikasie en Kliëntediens | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180** |

**AFDELING A: KORT VRAE**

**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 D

1.1.1 ’n Lae begroting vir akkommodasie sal moontlik geskik wees vir ... toeriste.

A besigheid- en gapingsjaar
B rugsakreis en aansporingsbonus
C besigheid- en aansporingsbonus
D gapingsjaar- en rugsakreis

1.1.2 Die dra van langmouhemde en langbroeke wanneer die Kruger Nasionale Park vir ’n vakansie besoek word, is ’n voorkomingsmaatrëel teen …

A bilharzia.
B cholera.
C malaria.
D MIV/VIGS.

1.1.3 Een tydsone verteenwoordig … grade.

A 10
B 15
C 20
D 30

1.1.4 ’n Toeristeprofiel vir ’n … toeris sal moontlik Kosher-kos insluit as deel van die voedselvoorkeure.

A Buddiste
B Joodse
C Islamitiese
D Hindiese

1.1.5 Die tydsone (+3) vir Moskou is ...

A 30˚ Oos.
B 30˚ Wes.
C 45˚ Wes.
D 45˚ Oos.

1.1.6 Kwart oor elf in die aand word internasionaal as … aangedui op ’n 24-uur horlosie.

A 11:15
B 11h15
C 23:15
D 23h15

1.1.7 Die tipe toeris wat meer tyd-sensitief as begrotingsensitief is wanneer dit kom by die keuse van ’n reisplan.

A Ontspanningstoeris
B Besoek vriende en familie
C Gesondheidstoeris
D Besigheidtoeris

1.1.8 Een manier om die effek van die Suid-Afrikaanse somerson te verminder, sluit … in.

A die dra van langmouklere wanneer in die buitelug
B inenting teen velkanker
C swem tussen 12:00 en 15:00
D die gebruik van ’n verwarmer binnenshuis

1.1.9 Die prent aan die regterkant, stel ’n … in die verhandelingspryse van die Euro en die Dollar voor.



A verhoging
B verlaging
C stabiliteit
D fluktuasie

1.1.10 Europa en Noord-Amerika staan bekend as die … markte van Suid-Afrika.

A opkomende
B bron
C nuwe
D land

1.1.11 Die dokument wat help om ’n samewerking en samehorige atmosfeer in die werkplek te skep, is die ...

A gedragskode.
B dienskontrak.
C kode vir globale etiek.
D regverdige handelskontrak.

1.1.12 Die AVIS karverhuringsmaatskappy se personeel lyk professioneel in hulle uniforms. Hulle dra by tot die maatskappy se ...

A tuinversorging.
B korporatiewe beeld.
C driedubbele-slotreël.
D prysstruktuur.

1.1.13 Volhoubare en verantwoordelike bestuursplanne verwys na ...

A etiese gedrag wanneer ’n opdrag uitgevoer word.
B bemarkingsplanne om toerisme attraksies te bemark.
C die bewaring en effektiewe gebruik van hulpbronne.
D effektiewe kliëntediens in die werkplek.

1.1.14 TOMSA verwys na …

A tien persent heffing wanneer aansoek vir ’n visum gedoen word.
B twaalf persent heffing vir ’n luukse skip bespreking.
C vyf persent heffing vir sommige Uber ritte in Gauteng.
D een persent heffing vir bevestigde hotel bespreking.

1.1.15 ’n Voorbeeld van ‘n positiewe impak van volhoubare toerisme is ...

A ’n verhoging in kriminele aktiwiteite by die attraksie.
B uitsetting van die plaaslike gemeenskap vanuit hulle area.
C ’n verhoging in die pryse van produkte en dienste.
D plaaslike inwoners het werk en word in ag geneem.

1.1.16 Hierdie is Afrika se voorste leefstyl en avontuur bemarkings geleenthede.

A Getaway-skou
B TOMSA
C Indaba reis handelskou
D ITB


1.1.17 As deel van hulle Korporatiewe Maatskaplike Belegging het 'n toerisme besigheid …

A uniforms aan hulle personeel voorsien.
B hulle webwerf en handelsmerk opgedateer.
C beurse aan studente vir hulle studies aangebied.
D hulle personeel opgelei oor dienslewering.

1.1.18 Uniforms wat by die werkplek gedra word, dra by tot ('n) ...

A meer individualiteit in die werkplek.
B vermindering in volhoubaarheid van die besigheid.
C beter professionele beeld van die werknemers.
D minder spanwerk onder werknemers.

1.1.19 Die tipe terugvoer metode wat deur hierdie hotel gebruik is om hulle kliente aan te moedig om hulle diens te evalueer is 'n ...




A web-gebaseerde antwoord.
B SMS boodskap.
C terugvoerkaart.
D opname.

1.1.20 Die laaste stap in 'n analise om die neiging in kliënteterugvoering te bepaal.

A Bepaal die mees algemene klagtes.
B Begin die intervensieproses.
C Bestudeer en sleutel die terugvoering in.
D Besluit op 'n aksieplan wat gebruik gaan word.

(20 x 1) (20)

1.2 Kies ’n beskrywing vir die Wêrelderfenisterrein in KOLOM B wat die beste by ’n prent in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 H.

**KOLOM A**

1.2.1




1.2.2




1.2.3




1.2.4.




1.2.5.




**KOLOM B**

A Dié terrein toon die oorblyfsels van die Ystertydperk wat die handel in goud en ivoor met China aandui.

B Hierdie gemengde wêrelderfenisterrein bevat van die grootste rotskuns-versamelings van die Khoisan mense.

C Dié terrein toon ‘n groot krater wat die resultaat is van die impak van ‘n meteoriet wat baie jare gelede die aarde getref het.

D Die terrein is bekend vir die diversiteit van habitatte en ekosisteme wat mere, duine en sandstrande insluit.

E Dié terrein was die tuiste van politieke gevangenes wat vir hoogverraad aangekla was.

F Die terrein toon fossiele wat Mev Ples insluit.

G Hierdie terrein het agt beskermde gebiede wat 9600 spesies flora huisves insluitende die protea en Fynbos.

(5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 Paspoort

1.3.1 Die presiese tyd vir ‘n bestemming of ’n land is bekend as die (plaaslike/somer) tyd.

1.3.2 Travel Wallet is ‘n voorbeeld van ’n voorafgelaaide buitelandse valuta (debiet/krediet) kaart.

1.3.3 DBT verwys na die tyd wanneer horlosies met 1 uur (vorentoe/agtertoe) verstel word.

1.3.4 Die gebruik van (telegrafiese oorplasings/reisigerstjeks) is stadig maar seker besig om uitgefaseer te word as betalingsmetode vir vakansies.

1.3.5 Protes opstande in ’n land oor ’n tekort aan dienslewering word as (onvoorsiene gebeurtenisse/politieke situasies) geklassifiseer. (5)

1.4 Identifiseer die internasionale ikone in die prente hieronder. Skryf slegs die naam van die ikoon langs die vraagnommer (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 Eiffeltoring


**1.4.1**




**1.4.2**




**1.4.3**



**1.4.4**



**1.4.5**



(5 x 1) (5)

1.5 Bestudeer die handelsmerke/prente van die organisasies in 1.5.1 tot 1.5.5. Kies die betrokke reisdokumente uit die lys hieronder wat ’n toeris by die genommerde organisasies kan verkry. Skryf slegs die naam van die reisdokument langs die vraagnommer (1.5.1 tot 1.5.5) in jou ANTWOORDBOEK byvoorbeeld 1.5.6 identiteitsdokument

| paspoort; instapkaart; internasionale bestuurspermit; visum; gesondheidsertifikaat |
|---|

1.5.1

Reis Versorging
MEDIES

1.5.2

Binnelandse Sake
Department:
Binnelandse Sake
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA


1.5.3

AA

1.5.4

Liberté • Égalité • Fraternité
RÉPUBLIQUE FRANÇAISE
AMBASSADE DE FRANCE
EN AFRIQUE DU SUD
FRANSE AMBASSADE
IN SUID-AFRIKA

1.5.5




(5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

## VRAAG 2

2.1 Bestudeer die wêreldtydsonekaart hieronder tesame met die inligting op die volgende bladsy en beantwoord dan die vrae wat volg.



2.1




Mnr en Mev Gordon besoek hulle dogter, Roxy, wat in Los Angeles woon. Hulle vlieg vanaf Johannesburg na New York. In New York moet hulle oorstaan waarna hulle dan na Los Angeles sal vlieg.
Sien die besonderhede van die reis in die tabel hieronder.

| **Johannesburg na New York** | **Oorstaantyd in New York** | **New York na Los Angeles** |
|---|---|---|
| 16 ure vlugtyd | 5 ure oorstaan | 6 ure en 30 minute vlugtyd |

2.1.1 Die vlug vertrek vanaf Johannesburg om 05:00 op die 4de Oktober 2021. Bepaal wat die arriveertyd en datum in New York is. (NOTA: New York gebruik DBT.) (5)

2.1.2 Mnr Gordon het Roxy belowe dat hy haar sal bel net voordat hulle New York verlaat. Bereken die tyd waarop Roxy die telefoonoproep in Los Angeles vanaf haar pa sal ontvang. (NOTA: Ignoreer DBT omdat beide stede DBT toepas) (4)

2.1.3 Bereken die totale duur van die reis vanaf die Gordon-egpaar se vertrek van Johannesburg tot hulle in Los Angeles arriveer. (2)

2.1.4 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Mnr en Mev Gordon sal vluguitputting ervaar wanneer hulle in New York arriveer. |

a) Evalueer die stelling hierbo krities.
Verwys na die Oos-Wes vlugroete en bewys dat hulle NIE vluguitputting ervaar nie. (2)

b) Noem EEN simptoom van vlugvoosheid. (2)

c) Bestudeer die prente hieronder. Kies TWEE prente en verduidelik hoe die Gordon-egpaar die uitwerking van vlugvoosheid gedurende en/of na afloop van die vlug, kan verminder. Skryf die letter van die gekose prente en jou verduideliking. (4)

| | |
|---|---|
| **A**  | **B**   |
| **C**  | **D**  Tyd in New York |

2.2 Die egpaar het ‘n oorstaantyd van 5 ure in New York. Gee advies aan hulle oor hoe om hulle bagasie veilig te hou gedurende die oorstaantyd op die lughawe. (4)

2.3 Die ouers wil graag ‘Trots Suid-Afrikaanse’ produkte vir hulle dogter saamvat. Hulle het al haar gunstelinge gekies.
Die produkte sluit in:

- 3 x 750 ml wyn
- 1 kg Biltong
- 2 x 500g SAFARI gedroogde vrugte
- 1 dosie Cadbury sjokolades




2.3.1 Verskaf raad aan die egpaar oor watter kanaal hulle by doeane moet gebruik as hulle arriveer. (1)


2.3.2 Motiveer die kanaal in jou antwoord tot VRAAG 2.3.1 deur ’n rede te gee vir elkeen van die produkte wat gelys is in die scenario. (4 x 2) (8)

2.3.3 Noem die organisasies op die OR Tambo Internasionale Lughawe wat verantwoordelik is vir uitvoering van die volgende aksies wanneer hulle na Suid-Afrika terugkeer:

a) Nagaan van die reisdokumente (1)

b) Invordering van doeanebelasting (1)

2.4 Bestudeer die kaart van Suid-Afrika en beantwoord die vrae wat volg.




Peter, sy vrou en hulle 2 kinders woon in Durban. Hy wil graag sy familie op 'n self-bestuur vakansie vat om hulle vriende in Kaapstad te besoek. Hulle wil eerste by hulle Ouma en Oupa in Johannesburg gaan kuier en dan die prag van die Namakwaland-blomme geniet in Garies voor hulle na Kaapstad reis. Peter wil van die nasionale paaie gebruik maak.

2.4.1 Noem die korrekte volgorde van die nasionale paaie wat Peter moet gebruik tydens die self-bestuur vakansie. (4)

2.4.2 Noem TWEE aspekte van die vervoerkoste wat Peter in gedagte moet hou wanneer hy 'n begroting vir die vakansie saamstel. (2)
**[40]**

**VRAAG 3**

Bestudeer die valutaverhandelingstabel hieronder, saamgestel op 8 Julie 2021, en beantwoord die vrae wat volg.

- Toon ALLE berekeninge.
- Rond die antwoord af tot TWEE desimale plekke.

| Buitelandse Wisselkoerstabel | | |
|---|---|---|
| **Geldeenheid** | **BAK** | **BVK** |
| VSD | 13.90 | 14.69 |
| GBP | 19.09 | 20.29 |
| JPY | 0.12 | 0.13 |

[Bron: *www.nedbank.co.za*]

3.1 Mnr Graham het R 45 500 begroot vir die reis na Texas. Bereken die bedrag, in VS Dollar. (3)

3.2 Verwys na die buitelandse wisselkoerstabel hierbo en vergelyk die geldeenhede se waarde.

Skryf 'n paragraaf waarin die volgende inligting verskaf word:

- Sterkste geldeenheid teenoor die Rand
- Swakste geldeenheid teenoor die Rand
- Vergelyk die koopkrag vir inkomende toeriste vir die geldeenhede wat geïdentifiseer is as die sterkste en die swakste teen die Rand. (4)

3.3 Lys DRIE maniere hoe inkomende toerisme tot voordeel is van die Suid-Afrikaanse ekonomie. (3)


**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISME BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS TOERISME; BEMARKING

### VRAAG 4

4.1 Bestudeer die kaart van Europa en Noord-Afrika hieronder waar die liggings van DRIE wêreld ikone aangedui is. Beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit *lahistoriaconmapas.com*]

4.1.1 Identifiseer die DRIE wêreld ikone wat **A**, **B** en **C** gemerk is. Skryf die naam van die wêreld ikoon langs die letter **A**, **B** en **C** in die ANTWOORDBOEK. (3)

4.1.2 Teken en voltooi die tabel hieronder ten opsigte van die DRIE wêreld ikone op die kaart aangedui, in jou ANTWOORDBOEK.

| Wêreld ikoon | Kort beskrywing |
|---|---|
| A | EEN feit wat na die struktuur verwys |
| B | EEN feit wat na die geskiedenis verwys |
| C | EEN feit wat na die geologie verwys |

(6)

4.2 Vergelyk die Berlynse Muur en die Groot Muur van China soos volg:

4.2.1 Gee EEN ooreenkoms tussen die Berlynse Muur en die Groot Muur van China. (2)

4.2.2 Gee EEN verskil tussen die Berlynse Muur en die Groot Muur van China. (2)

4.3 Bestudeer die infografika hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *mapsof the world.com*]


4.3.1 Gee die volle naam van die wêreld ikoon in die infografika hierbo. (1)

4.3.2 Noem en bespreek TWEE karaktereienskappe wat van die ikoon genoem as die antwoord tot VRAAG 4.3.1 ’n suksesvolle attraksie maak. (4)

4.3.3 a) Identifiseer DRIE faktore wat kan bydra tot die sukses van die wêreld ikoon. (3)

b) Gee ’n voorbeeld van die infografika hierbo vir elke faktor wat in VRAAG 4.3.3 a) genoem is. (3)

4.4. Verwys na die grafiek wat handel oor die monumente wat die meeste besoek word in die wêreld. Beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *statista.com*]


4.4.1 Identifiseer die wêreld ikoon in Italië wat die meeste besoekers ontvang het. (2)

4.4.2 Gee EEN rede waarom die ikoon wat in Vraag 4.4.1 geïdentifiseer is, so gewild is. (2)

**[28]**

**VRAAG 5**

Bestudeer die kaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: whc.unesco.org]

5.1 Bestudeer die Wêrelederfenisterreine op die kaart wat A tot D gemerk is en identifiseer die volgende:

5.1.1 TWEE kulturele Wêrelderfenisterreine. (2)

5.1.2 EEN natuurlike Wêrelderfenisterrein. (1)

5.2 Teken en voltooi die tabel hieronder wat gebaseer is op Wêrelderfenisterreine wat in die tabel gelys is.
Vir 5.2.1−5.2.3 noem die provinsie waar elk van die wêrelderfenisterreine geleë is.
Vir 5.2.4−5.2.6 verduidelik hoe elkeen van hierdie terreine aan UNESCO se kriteria voldoen.

| **Naam van die terrein** | **Provinsie** | **Hoe die terrein aan UNESCO se kriteria voldoen** |
|---|---|---|
| Barberton Makhonjwa Berge | 5.2.1 (1) | 5.2.4 (2) |
| Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap | 5.2.2 (1) | 5.2.5 (2) |
| Robben Eiland | 5.2.3 (1) | 5.2.6 (2) |

(9)
**[12]**

**VRAAG 6**

6.1 Bestudeer die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WTM Londen was virtueel – November 2020**




WTM Virtueel het plaasgevind vanaf 9 tot 11 November 2020. Dit het afgevaardigdes die geleentheid gebied om een-tot-een virtuele vergaderings te hou om besigheid te doen, sekere konferensie sessies by te woon en deel te neem aan vinnige netwerksessies ('networking'), en vele meer.

Die lewendige skou sou in Londen (2−4 November 2020) plaasgevind het; maar, die voortdurende reisbeperkings, kwarantyn regulasies wat volgehou word en plaaslike inperkings oor die hele Europa beteken dat die geleentheid 'n volledige virtuele ondervindings was.

[Bron: *www.tourismupdate.co.za*]

6.1.1 Skryf die akroniem WTM voluit. (2)

6.1.2 Verduidelik wat met *WTM Virtueel* bedoel word. (2)

6.1.3 Stel EEN rede voor vir die veranderinge by die WTM skou in 2020. (2)

6.1.4 SAToerisme stal gewoonlik by die WTM uit.


Gee TWEE verantwoordelikhede van SAToerisme. (4)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISME SEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

7.1 Verwys na die prent hieronder wat sekere aspekte van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes uitwys en beantwoord die vrae wat volg.




7.1.1 Noem VIER aspekte wat in ’n dienskontrak ingesluit moet word. (4)

7.1.2 Verduidelik hoe die volgende aspekte van die Wet of Basiese Diensvoorwaardes wat in die prent getoon word, van toepassing sal wees op ’n reisagent wat voltyds by ’n reisagentskap werk:

a) Werksure (2)

b) Siekverlof (2)

c) Jaarlikse verlof (2)

7.2 Bestudeer die tekenprent hieronder en beantwoord die vraag wat volg.




[Aangepas van *www.cartoonstock.com*]

Die tekenprent wys swak kliëntediens.

Bespreek TWEE maniere hoe kliëntediens-beleide kan bydra tot die professionele beeld van hierdie toerisme besigheid. (4)

**[14]**

**VRAAG 8**

8.1 Bestudeer die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Hotel Verde (Suid-Afrika: WesKaap)**




Hotel Verde, geleë by die Kaapstad Internasionale Lughawe, het onlangs Fair Trade Tourism sertifisering ontvang. Dit is 'n gerespekteerde toekenning vir Hotel Verde asook vir die toerismebedryf in Suid-Afrika; dit toon leierskap in die groeiende 'groen-ervaring' toerismemark.

Hotel Verde word geprys as 'Afrika se groenste hotel'. Sedert die opening in 2013, het hulle bewys luuksheid en volhoubaarheid kan hand-aan-hand gedoen word. Die hotel het sy plek in die bedryf verdien as een van die mees volhoubare hotelle in die wêreld is.

Die sertifisering deur Fair Trade Tourism gee nuwe gewig aan die toewyding wat Hotel Verde toon ten opsigte van verantwoordelike toerismebeginsels. Dit beklemtoon ook dat die volhoubare beginsels meer as net die uitleg van die hotel en bouregulasies is.

Die sertifisering het gefokus op aspekte soos regverdige lone en werksomstandighede, regverdige aankope en bestuur, gelyke verspreiding van voordele en respek vir menseregte, die kultuur en die omgewing.
Mario en Annemarie Delicio, die eienaars van Hotel Verde, het begin met 'n plaaslike gemeenskap 'Eko-uitstappies' wat skoolkinders en universiteitstudente oplei. Hulle wys hulle is passievol oor volhoubaarheid.


[Aangepas uit *www.travindy.com*]

8.1.1 Lys VIER kriteria waaraan Hotel Verde voldoen het om ’n Fair Trade Tourism sertifisering te ontvang. (4)

8.1.2 Verduidelik wat beteken die status as “Afrika se groenste hotel” vir hierdie hotel. (2)

8.1.3 Verduidelik hoe Fair Trade Tourism sertifisering die teikenmark van hierdie hotel kan beïnvloed. (2)

8.2 Verwys na die infografika hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




8.2.1 Verduidelik die term ‘plaaslik’ wat in die infografika gebruik is. (2)

8.2.2 Lys die drie pilare van volhoubare toerisme en langs elke pilaar skryf EEN element uit die infografika wat daarby sal pas. (6)

**[16]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

**AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIëNTEDIENS**

**VRAAG 9**

Lees die uittreksel wat handel oor die 2019 / 2020 Australiese bosbrande hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## Australiese bosbrande: 5 feite om te weet oor die krisis



Duisende inwoners en toeriste word gedwing om te vlug of skuiling te soek teen die vuur wat dorpe in Australië verwoes.

**1. Area wat gebrand het**
Vanaf die 2de Januarie het meer as 12 miljoen hektaar afgebrand – dis 'n oppervlakte ses keer groter as die oppervlak wat in die 2018 brande in Kalifornië verwoes is.

**2. Verlies aan wilde diere**
'n Studie het gevind dat 480 miljoen diere alreeds dood is, insluitende die bedreigde koalabeer, of deur die vuur of dalk na die brand as gevolg van 'n tekort aan kos, water en skuiling.

**3. Verstikking aan rook**
Vir maande het gevaarlike rook van die bosbrande van tyd-tot-tyd oor hoë populasie areas (areas met 'n hoë inwonertal) soos Sydney, Melbourne en Canberra gehang. Rookwolke, stof en as kon vanuit die buitenste ruim gesien word. Wind het dit ook duisende kilometer ver gedra, tot sover as Nieu-Seeland waar die lug oranje verkleur het.

**4. $CO_2$ emissies (uitlatings)**
Daar word beraam dat die bosbrande ongeveer 350 miljoen ton $CO_2$ in die atmosfeer ingepomp het. Dit sal woude omtrent 100 jaar of meer neem om die $CO_2$ wat sover deur die seisoen se brande vrygestel is te absorbeer (bome neem dit op).

**5. Hitte en droogte**
Die land ondervind een van die ergste droogtes in 10 jaar asook 'n hittegolf wat in Desember die rekord van 41,9˚C gebreek het as die hoogste gemiddelde temperatuur in die land. Wetenskaplikes het gewaarsku dat klimaatsverandering die voorkoms van veldbrande kan verhoog.

[Aangepas uit *www.weforum.org*]

9.1 9.1.1 Klassifiseer die bosbrande as 'n tipe gebeurtenis van internasionale belang. (1)

9.1.2 a) Verwys na die vyf hoofaspekte van die bosbrande. Identifiseer die pilaar van volhoubaarheid wat die meeste deur die katastrofe geraak is. (1)

b) Motiveer jou antwoord tot VRAAG 9.1.2 a). (2)


9.1.3 Kies en verduidelik TWEE gevolge (impakte) wat sal bly lank na die skade van die bosbrande. (4)

9.2 Verwys na die openingsparagraaf van die uittreksel: "Duisende inwoners ..."

9.2.1 Voorspel TWEE negatiewe uitwerkings van die bosbrande op die toerismebedryf van Australië. (4)

9.2.2 Bespreek TWEE impakte van die bosbrande op die ekonomie van Australië. (4)

9.3 Verwys na die statistieke vir Suid-Afrika hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *www.southafrica.net*]

9.3.1 Lees die stelling hieronder tesame met die statistieke hierbo en beantwoord die vraag wat volg.

| Suid-Afrika het in die grendeltydperk ingegaan op 27 Maart 2020 as gevolg van die COVID-19 pandemie. |
|---|

Stel EEN rede voor waarom die internasionale aankomste statistieke vir Suid-Afrika so 'n merkbare vermindering (afname) wys VOOR einde van Maart 2020. (2)

9.3.2 a) Verduidelik waarom die statistieke vir Afrika gesplit is in Afrika land markte en Afrika lug markte. (2)

b) Stel EEN rede voor waarom die totale aankomste in Afrika land markte hoër is in vergelyking met Afrika lug markte. (2)

9.3.3 Identifiseer die kontinent/streek wat die volgende toon:


a) Die hoogste persentasie afname in aankomste in Suid-Afrika (nie Afrika nie) (1)

b) Die kleinste persentasie afname in aankomste in Suid-Afrika (nie Afrika nie) (1)

**[24]**

**VRAAG 10**

Verwys na die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *www.ezeeabsolute.com*]

10.1 Stel TWEE terugvoermetodes wat 'n toerismebesigheid kan gebruik voor, waar daar persoonlike kontak tussen die werknemer en die kliënt is. (2)

10.2 Skryf 'n kort paragraaf waarin verduidelik word hoe kliënteterugvoer tot uitstekende dienslewering in 'n toerismebesigheid, kan lei. (4)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**

**TOTAAL 200**

**EINDE**

testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2021

# MERKRIGLYNE

| TOERISME (10870) |
|---|

**15 bladsye**

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | D✓ | MTP | |
| | 1.1.2 | C✓ | MTP | |
| | 1.1.3 | B✓ | MTP | |
| | 1.1.4 | B✓ | MTP | |
| | 1.1.5 | D✓ | MTP | |
| | 1.1.6 | C✓ | MTP | |
| | 1.1.7 | D✓ | MTP | |
| | 1.1.8 | A✓ | MTP | |
| | 1.1.9 | D✓ | FRX | |
| | 1.1.10 | B✓ | DRI | |
| | 1.1.11 | A ✓ | TS | |
| | 1.1.12 | B✓ | TS | |
| | 1.1.13 | C✓ | SR | |
| | 1.1.14 | D✓ | M | |
| | 1.1.15 | D✓ | SR | |
| | 1.1.16 | A✓ | M | |
| | 1.1.17 | C✓ | SR | |
| | 1.1.18 | C✓ | TS | |
| | 1.1.19 | C✓ | CC | |
| | 1.1.20 | B✓ | CC | (20) |
| | 1.2.1 | D ✓ | CH | |
| | 1.2.2 | F✓ | CH | |
| | 1.2.3 | B✓ | CH | |
| | 1.2.4 | A✓ | CH | |
| | 1.2.5 | C✓ | CH | (5) |
| | 1.3.1 | plaaslike✓ | MTP | |
| | 1.3.2 | debiet ✓ | DRI | |
| | 1.3.3 | vorentoe✓ | MTP | |
| | 1.3.4 | reisigerstjeks ✓ | DRI | |
| | 1.3.5 | politieke situasie ✓ | DRI | (5) |
| | 1.4.1 | Sydney Operahuis✓ | TA | |
| | 1.4.2 | Kolosseum✓ | TA | |
| | 1.4.3 | Leunende Toring van Pisa ✓ | TA | |
| | 1.4.4 | Dayers Rock / Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park✓ | TA | |
| | 1.4.5 | Die Groot Muur van China✓ | TA | (5) |
| | 1.5.1 | gesondheidsertifikaat ✓ | MTP | |
| | 1.5.2 | paspoort✓ | MTP | |
| | 1.5.3 | internasionale bestuurspermit✓ | MTP | |
| | 1.5.4 | visum ✓ | MTP | |
| | 1.5.5 | instapkaart ✓ | MTP | (5) |
| | | **TOTAAL AFDELING A** | | **40** |

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 Johannesburg +2 MTP

New York -5 (+1 DBT) ✓ -4 tydsverskil: 6 ure

05:00 <u>- 6 ure</u> ✓ = 23:00 (3 Junie)

23:00 <u>+ ✓ 16 ure</u> = 15:00 ✓ on 4 Oktober 2021✓ (5)

**OF**

New York -5 (+1 DBT✓) -4 Suid-Afrika +2

Tydsverskil is 6 ure ←

+ 6 ure ✓ Vertrek: 05:00

+✓ Vlugtyd: 16 ure 4 Oktober 2021

? Tyd van aankoms

15:00✓ 4 Oktober 2021 ✓

**Nota:** *Die visele metode moet opgevolg word deur die geskrewe stappe van berekeninge soos in Opsie 1 om seker te maak die merker mis nie enige punte nie. Merk op die stipering as dit nie gedoen is in Opsie 2 nie.*

**OF**

15:00 4 Oktober 2021 ✓✓✓✓✓

2.1.2 New York -5 MTP
Los Angeles -8 Tydsverskil: 3 ure

Vertrektyd vanaf New York
15:00 (+) ✓ 5 ure oorstaan = 20:00

20:00 (–)✓ 3 ure ✓ = 17:00 ✓ (4)

**OF**

Los Angeles -8 New York -5

Tydsverskil = 3 ure

(-)✓Tydsverskil: 3 ure ✓

Tyd is 15:00
(+) ✓ Oorstaan 5 hrs
20:00

Aankomstyd
17:00 ✓

**Nota:** *Die visele metode moet opgevolg word deur die geskrewe stappe van berekeninge soos in Opsie 1 om seker te maak die merker mis nie enige punte nie. Merk op die stipering as dit nie gedoen is in Opsie 2 nie.*

**OF**

17:00 ✓✓✓✓

2.1.3 MTP

| | |
|---|---|
| Johannesburg na New York: | 16 ure |
| Oorstaan: | 5 ure |
| New York na Los Aangeles: | 6 ure en 30 minute |
| TOTAAL : | 27 ure en 30 minute ✓✓ |

(2)

2.1.4 a) Die Gordon-egpaar sal vlugvoosheid ondervind. MTP
Hulle het oor baie tydsones gevlieg ✓✓ van SA na New York (6) en toe weer 3 tydsones van New York tot Los Angeles.

- Hulle vlieg ook teen die rigting waarin die aarde roteer. (2)

b) Onderbroke slaap ✓✓ MTP

- Moegheid
- Gevoel van luiheid
- Ontwatering
- Bene en voete voel ongemaklik
- Geïrriteerd
- Hoofpyne
- Hardlywigheid / Diarree
- Oormatige sweet
- Verlies aan eetlus
- Gedisorienteerd / Deurmekaar
- Angstigheid (Enige een)

(2)

c) A - Vermy die gebruik van alkohol gedurende die vlug ✓✓ MTP
Vermy drankies wat kaffeïen bevat
Drankies veroorsaak dehidrasie / ontwatering
B - Drink baie vloeistowwe –veral water – gedurende en na die vlug ✓✓
C - Kry genoeg rus voor die vlug en probeer om te rus gedurende die vlug
Probeer om kort rukkies te slaap
Gebruik hulpmiddels soos oorpluisies
D - Verstel jou horlosie om aan te pas by die tyd waarop daar gearriveer word by die bestemming
Probeer om in te pas by die plaaslike tyd van die bestemming
Probeer om so gou as moontlik terug te keer na jou normale slaaproetine

**Nota**: *Merk enige twee prente* (2 x 2) (4)

2.2 Hou altyd jou bagasie in die oog – waar jy dit kan sien ✓✓ MTP
Moenie toelaat dat enige iemand behalwe die aangewese amptenare jou bagasie deurgaan nie. ✓✓

- Moet nooit jou bagasie by vreemdelinge los nie
- Moet nooit toesig hou oor vreemdelinge se bagasie nie
- Sluit alle tasse / sakke
- Draai jou bagasie toe op die lughawe by die toedraaimasjien
- Hou jou reisdokumente in ‘n sak aan jou persoon.
- Sit naamplaatjies binne-in en buite aan die bagasie
- Moenie waardevolle items ten toon stel nie
- Wees te alle tye behoedsaam– roltrappe / hysers
- Kyk uit vir verdagte persone of iemand wat jou aandag aftrek
- Moenie enige bagasie / sakke deur doeane vat vir enige iemand nie. (Enige 2) (4)

2.3 2.3.1 Rooi kanaal ✓ (1)

2.3.2 **Wyn:** oorskry die toegelate volume ✓✓ MTP
**Biltong:** Dit sal gekonfiskeer word want dit is vleisprodukte✓✓

- Hulle kan ‘n vleisinspeksie sertifikaat vir die biltong kry terwyl hulle nog in Suid-Afrika is en wys saam met die biltong.

**Gedroogde vrugte:** Nie toegelaat nie – plantprodukte ✓✓

- Gedroogde vrugte soos dadels, vye en rosyne moet verklaar word en aan die doeane gewys word vir inspeksie by aankoms.

**Sjokolade:** word toegelaat – solank dit nog in die oorspronklike verpakking is en dit moet verklaar word op die doenane vorm✓✓
(4 x 2) (8)

2.3.3 a) Doeanebeheer/Amptenare van die Dept van Binnelanse Sake ✓ (1)

b) SARS/SAID ✓ (1)

2.4 2.4.1 N3✓ N14✓, N7✓ N3 ✓ (moet in die volgorde wees) MTP (4)

2.4.2 Petrolkoste✓ MTP

Ekstra kostes soos tolhekgelde / verkeersboetes ✓

- Maaltye langs die pad
- Moontlike ongelukke / onklaar voertuig
- Diens van die voertuig voor hulle vertrek
- Kostes gedurende die reis
- Kostes voor die reis (Enige 2) (2)

**[40]**

**VRAAG 3**

3.1 R 45 500.00 ÷ ✓ R14.69 ✓ FX

= VSD 3097.3451

= VSD 3097.35 ✓ (3)

3.2 BBP is die sterkste geldeenheid✓ / Die Rand is die swakste teen die GBP FX

Jen is die swakste geldeenheid✓ / Die Rand is die sterkste teen die Japanese Jen

GBP het meer koopkrag as die Jen✓ omdat inkomende toeriste R 19.09 sal ontvang vir elke Pond wat hulle verruil terwyl inkomende toeriste net R0.12 sal kry vir elke Jen as dit verruil word. ✓ (4)

3.3 Die toeriste bring buitlandse valuta na Suid-Afrika in die vorm van buitelanse valuta ✓ FX

Meer toeriste beteken dat meer dienste en produkte benodig word om in hulle behoeftes te voorsien. ✓

Meer produkte en dienste beteken dat die BBP sal verhoog. ✓

- ‘n Hoër BBP beteken ‘n beter en gesonder ekonomie.
- Meer produkte en dienste beteken dat meer werk geskep word en dat dit ‘n laer werkloosheidsyfer vir die land beteken
- Meer entrepreneursgeleenthede word geskep (3)
- Vermenigvuldigereffek word teweeggebring (Enige 3)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B 50**

## AFDELING C: TOERISME ATTRAKSIES; KULTUUR EN ERFENIS TOERISTME; BEMARKING

## VRAAG 4

TA

4.1. 4.1.1 A : Venisië ✓
B : Die Groot Piramiedes van Giza ✓
C : Swartwoud ✓ (3)

4.1.2

| Wêreld ikoon | Beskrywing | Kort beskrywing |
|---|---|---|
| A Venisië | EEN strukturele feit | Venisië is op 118 klein eilandjies gebou ✓✓<br>• Dit is gebou op houtstelte / platvorms wat met pale bymekaar gehou word<br>• Daar is 'n laag stene wat die fondasie van die geboue bymekaar hou<br>• Venisië word aanmekaar verbind met 416 brûe en 177 kanale<br>• Die stad gebruik waterweë in plaas van paaie. |
| B Die Groot Piramiedes van Giza | EEN historiese feit | Die Koninklike familie (faraos) is in die Groot Piramiedes begrawe ✓✓<br>• Die Groot Piramiedes is een van die oudste Sewe Wonders van die Wêreld<br>• Elke piramiede is 'n graf van 'n verskillende koning van Egipte (faraos)<br>• Die Piramiedes is gebou 4500 jaar gelede en is voltooi omtrent in 2560VC |
| C Swartwoud | EEN geologiese feit | Dit bestaan uit berge wat bedek is met dennebome✓✓<br>• Daar is verskillende rotstipes soos kalksteen en graniet<br>• Die naam kom van die welige, donker immergroen bome<br>• Baie bergpieke, riviervalleie, wingerde, bosse, spas en vakansiebestemmings word hier aangetref.<br>• Die Swartwoud bevat baie minerale en een aktiewe myn<br>• Dit is die oorsprong van die Danuberivier en die Rynrivier word langs ide suidelike en westelike grense aangetref |

(6)

4.2 4.2.1 Beide ikones is mure ✓✓
- Beide mure het uitkyktorings met wagte vir sekuriteit
- Beide lok baie toeriste gedurende die jaar
- Beide mure is beskadig
- Beide mure dien as monumente van historiese waarde (2)

4.2.2 Die Berlynse Muur verteenwoordig die skeiding tussen die Soviet bewind en die Westerse bewind **terwyl** die Groot Muur van China die mag van die Qin Dinastie verteenwoordig ✓✓
- Konstruksie van die Berlynse Muur was 24 ure **terwyl** die Groot Muur van China honderde jare geneem het om op te rig
- Die Berlynse Muur is deur Duitse soldate gebou **terwyl** die Groot Muur van China deur slawe en gevangenes gedoen is
- Die Berlynse Muur is van betonblokke gebou **terwyl** die Groot Muur van China gebou is van klip. (2)
- Die Groot Muur van China is in Asië in plattelandse dele (landelike dele) geleë **terwyl** die Berlynse Muur is in Europa in 'n Stedelike area (stad) geleë is.
- Die Berlynse Muur is gebou om Oos-Berlyn en Wes-Berlyn te verdeel **terwyl** die Groot Muur van China gebou is om die Chinese mag van Mongoliese aanvalle of aanvalle van die buurlande te beskerm
- Die Berlynse Muur is gebou om die Duitsers binne te hou **terwyl** die Groot Muur van China gebou is om aanvallers buite te hou
- Die grootste deel van die Berlynse Muur is verwoes **terwyl** net dele van die Groot Muur van China verwoes is
- Die Berlynse Muur was 140 km lank **terwyl** die Groot Muur van China oor 6500km strek.

4.3.1 Die Standbeeld van Christus die Verlosser ✓ (1)

4.3.2 Werklike aantal besoekers het die teikengetal oorskry – 4 miljoen besoekers per jaar ✓✓
Een van die mees besoekte attraksies in die wêreld: herhaalbesoeke✓✓ (4)
- Een van die mees gefotografeerde bestemmings in Brasilië: herhaalbesoeke

4.3.3 a) Uitstekende bemarking van toerisme produkte: plaaslik en internasionaal ✓
Universele toegang✓
Effektiewe en etiese gedrag van die personeel en bestuur van die terrein ✓
- Die behoeftes van mense met gestremdhede word in ag geneem
- Positiewe ervaring van die besoekers (3)

b) *NOTA: Die faktor in 4.2.2 moet pas by die voorbeeld in 4.3.3 b*

Uitstekende bemarking van toerisme produkte: plaaslik en internasionaal-Blogger het tot bo-op die standbeeld geklim om selfies te neem. ✓

- Mees gefotografeerde bestemmings in Brasilië
- Dit word beskou as een van die Sewe Nuwe Wonders van die Wêreld

Positiewe ervaring van die besoekers – een van die mees besoekte attraksies in die wêreld ✓

- 4 miljoen besoekers per jaar

Effektiewe en etiese gedrag van die personeel en bestuur van die terrein – om so baie besoekers te bestuur / toegang te gee vir so baie besoekers per jaar ✓

- Universele toegang – Hysbakke is aangebring om te help dat die besoekers toegang tot die standbeeld kry
- Die behoeftes van mense met gestremdhede word in ag geneem – hysbakke is gebou om besoekers te help om toegang tot die standbeeld te verkry. (3)

4.4.1 Kolosseum ✓✓ (2)

4.4.2 Die Kolosseum lok historiese en kulturele toeriste wat belangstel in die gebeure wat jare gelede daar plaasgevind het en nog steeds mense vandag beïnvloed. ✓✓

- Toeriste wil graag 'n kykie kry in die glorie wat Rome omring het
- Dit is een van die mees beroemde, argitektuurryke plekke in die wêreld.
- Mense wil graag die plek sien waar die swaardvegters / gladiators eens geveg het. (2)

**[28]**

## VRAAG 5

CH

5.1. 5.1.1 #Khomani Kulturele Landskap✓ / B
Mapungubwe Kulturele Landskap✓ / A

***Note**: Enige volgorde* (2)

5.1.2 Kaapse Blommestreek en Beskermde Gebied ✓ / D
- Vredefort Koepel / C (1)

5.2

| **Naam van die terrein** | **Provinsie** | **Hoe elkeen van die terriene aan die UNEXCO kriteria voldoen** |
|---|---|---|
| Barberton Makhonjwa Berge | 5.2.1 Mpumalanga✓ | 5.2.4 Dit is 'n natuurlike terrein en verteenwoordig die beste rotsgesteentes wat dateer van 3.6 – 3.25 miljard jare gelede ✓✓<br>• Dit toon tekens van lewe baie jare gelede<br>• Dit is een van die wêreld se oudste geologiese strukture |
| Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap | 5.2.2 Noord-Kaap ✓ | 5.2.5 Dit is 'n kulturele terrein en verwys na die Nama mense en hulle leefwyse ✓✓<br>• Hierdie terrein behou die semi-nomadiese landelike lewenswyse van die Nama mense, wat hulle seisonale patrone wys wat al vir twee milenium in Suidelike Afrika voortbestaan.<br>• Dit is die enigste area waar die Nama mense steed hulle rietdakhuise oprig.<br>• Dit sluit die nomadiese migrasie van die Nama mense in. |
| Robben Eiland | 5.2.3 Wes-Kaap ✓ | 5.2.6 Dit is 'n kulturele terrein en toon die geskiedenis en die nalatenskap van Mnr Nelson Mandela in die B-seksie van die tronk ✓✓<br>• Dit wys die tradisies van die tronk en wys hoe die mense in die tronk gelewe en gewerk het.<br>• Dit word verbind met die lewe en werk van Nelson mandela.<br>• Dit word verbind aan sommige leiers van die stryd teen apartheid. |

(9)
**[12]**

**VRAAG 6**

MKT

6.1.1 World Travel Market ✓✓ (2)

6.1.2 Afgevaardigdes reël om aan-lyn te ontmoet om besigheidstransaksies te doen, konferensies by te woon en deel te neem aan spoedonderhandelinge (speed networking) ✓✓ (2)

- Dit is ‘n virtuele konferensie.
- Dit is ‘n reishandelskou wat gehou is duer ‘n webwerf en web-sagteware vir die aanlyn geleentheid.

6.1.3 Die WTM het verander as gevolg van die globale COVID19 pandemie✓✓

- Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO) se riglyne moet gevolg word
- Sosiale distansiëring moet gevolg word
- Geen persoonlike (‘face to face’) kontak tydens COVID19 word toegelaat nie.
- Reisbeperkings was in ple.
- Kwarantyn regulasies in Brittanje en as jy terugkeer in jou eie land.
- Plaaslike inperkings oor die hele Europa (2)

6.1.4 **Bemarking van Suid-Afrika internasionaal as ‘n bestemming van jou keuse by WTM** ✓✓

- SAToerisme onderneem om die bemarkingsnavorsing en bemarkingsbegroting te doen om uit te stal by die WTM.
- Hulle teiken bemarkingsveldtogte om iets vir elke verskillende mark te offer deur SA produkte en dienste ten toon te stel by die WTM.

**Onderhou en verbeter die standaard van fasiliteite en dienste vir toeriste wat hulle bemark by die WTM** ✓✓

- SAToerisme verseker dat alle fasiliteite en dienste kan vergelyk met dié van internasionale diensstandaarde

**Ko-ordineer die bemarkingsaktiwiteite van die rolspelers in die industrie as hulle bemark by die WTM**

- SAToerisme, in samewerking met die privaatsektor en regering koördineer verskillende bemarkingsaktiwiteite om ‘n sterker / beter handelsmerk te verseker. (4)

**Nota:** *die drie kernverantwoordelikhede van SAToerisme is donker gedruk, leerders kan enige van die ander antwoorde onder elke verantwoordleikheid noem.*

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C 50**

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

TS

7.1 7.1.1 Werkgewer en werknemer se besonderhede ✓
Werksure ✓
Uniformtoelaes✓
Reisvoordele✓

- Verlof
- Kernpligte / kort beskrywing van die werk
- Datum van aanstelling
- Volle adres van die werkgewer en die werknemer
- Byvoordele
- Betaling / vergoeding / salaris waarop ooreengekom is
- Oortyd betaling soos ooreengekom
- Beëindiging van diens
- Professionele verantwoordbaarheid
- Diensetiek (4)

7.1.2 a) Werksure: Reisagente het 'n vaste werkskedule ✓✓

- Hulle werk meestal 40-45 ure per week
- Hulle werk 9 ure per dag. (2)
- As hulle skofte werk, mag die nie die werksure oorskry nie.

b) Siekverlof: 'n Mediese sertifikaat moet voorsien word indien die werknemer meer as 2 dae afwesig is, of as die werknemer afwesig is op 'n Vrydag of 'n Maandag ✓✓

- Verlof word bereken in 'n 36 maande siklus
- 24 dae siekverlof oor 'n 36 maande / 3 jaar siklus (2)

c) Jaarlikse verlof : Gewoonlik 21 dae word toegelaat. Die werknemer moet aansoek doen vir die verlof wat verlang word. ✓✓ (2)

7.2.1 As die besighede wat kliëntediens-beleide in plek het wys dit dat hulle die behoeftes en bydrae van die kliënte hoog ag. ✓✓
Die kliënte sal voel dat hulle erken word / as waardevol geag word, betalende rolspeler is. ✓✓

- As die beleide in plek is sal die twee werknemers nie die klant ignoreer nie want hulle sal weet wat is die gevolge.
- As die beleide in lek is sal die besigheid gerespekteer word deur sy kliënte en dit projekteer 'n professionele beeld.
- As die beleide in plek is en gebruik word, dan sal die goeie diens lei tot lojale kliënte.
- Kliëntediens-beleide sal opleiding van die werknemers insluit en sodoende beter diens en lojale kliënte tot gevolg hê. (4)

**[14]**

**VRAAG 8**

S&RT

8.1 8.1.1 Regverdige/ Billike lone✓
Regverdige / billike werksomstandighede ✓
Regverdige aankope ✓
Regverdige dag tot dag besigheid ✓
- Gelyke verspreiding van voordele
- Respekteer menseregte.
- Respekteer kultuur.
- Respekteer die omgewing. (4)

8.1.2 Die status sal tot voordeel van die hotel wees omdat dit meer toeriste sal lok ✓✓
- Meer toeriste beteken meer wins
- Die werknemers sal beter gemotiveerd wees wanneer hulle by so 'n hotel werk (2)

8.1.3 Die hotel sal meer ekotoeriste lok wat omgewingsbewus is. ✓✓
- Die omgewingsbewuste toeriste is bereid om meer te betaal vir 'groen' akkommodasie en besighede.
- Die hotel kan as deel van hulle bemarkingstrategieë gebruik word om 'n spesifieke groep toeriste te teiken.
- Die FTT sertifikaat sal hulle beeld as groen hotel verbeter. (2)

8.2 8.2.1 Die area of nabye buurt waarin die besigheid besig is✓✓
- Plek / area waar die besigheid geleë is.
- Koop plaaslik kan ook die koop Trots Suid-Afrikaans aandui. (2)

8.2.2 Ekonomie/ wins : Koop plaaslik ✓✓
- Gebruik publieke vervoer.

Omgewing / planeet: Bespaar energie✓✓
- Gebruik publieke vervoer

Sosiaal / mense: Respekteer die plaaslike kultuur✓✓
- Beskerm die erfenis (6)

**[16]**

**TOTAAL AFDELING D 30**

**AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIëNTESORG**

**VRAAG 9**

9.1 9.1.1 Onvoorsiene gebeurtenis ✓ DRI
- Natuurramp (1)

9.1.2 a) Omgewingspilaar ✓ DRI (1)

b) Meeste van die aspekte verwys na die omgewingsgevare en gevolge ✓ ✓ DRI
- Area wat afgebrand het
- Verlies aan wilde diere
- $CO_2$ emissies / uitlatings
- Hitte en droogte – verbind aan klimaatsverandering (2)

9.1.3 Area wat afgebrand het: Dit sal baie lank vat vir die plante en wildslewe om te herstel van die verlies ✓✓ DRI
Verlies aan wilde diere: Bedreigde koalabeer – die diertjie kan uitsterf omdat sommige van die diertjies wat oor was, dood gebrand het. ✓✓
- Verstikking aan rook: Die rook het so ver as Nieu-Seeland weggedryf. Baie mense kan ly aan respiratoriese probleme na die inaseming van die rook
- $CO_2$ emissies: baie gevaarlik vir klimaatsverandering /
- Hitte en droogte: Neem tyd vir die area om te herstel na die vuur. (Enige 2 x 2) (4)

9.2 9.2.1 Toeriste se lewens was ook in gevaar – die toeriste sal nie terugkeer nie omdat hulle nie veilig voel in die land nie. ✓✓ DRI
Minder toeriste wat deur die land reis – hoofsaaklik daar waar die vuur gebrand het ✓✓
- Verlies aan inkomste agv minder besoekers aan die area.
- Verlies aan besigheid – vir die entrepreneurs. Hulle sal alles eers moet herbou voor hulle enige besoekers kan huisves.
- Sommige besighede sal toemaak.
- Verlies aan werk. (4)

9.2.2 Negatiewe impak. DRI
Minder toeriste – minder inkomste ✓✓
Verlies aan grond en landbouprodukte ✓✓
- Verlies aan inkomste van besighede wat nog besigheid doen
- Verlies aan infrastruktuur - die regering sal moet herbou
- Verhoogde versekeringseise vanaf besighede en individue
- Geld wat spandeer word om areas te herbou (4)

9.3 9.3.1 Die oorsese lande het die effek van die pandemie vroeër as Suid-Afrika gevoel. ✓✓ DRI

- Sommige lande het alreeds inperkings op internasionale reis gehad voordat SA in inperking ingegaan het
- Grense van die ander lande was toe voordat SA in die grendeltyd ingegaan het
- Besoekers kon nie die lande verlaat om na SA te reis nie (2)

9.3.2 a) Afrika se landmarkte verwys na die lande van waar mense Suid-Afrika kan bereik deur van landvervoer (pad en spoor) gebruik te maak ✓ DRI

- Lande van waar meer as 60% van die aankomste deur middel van landvervoer is (1)

Afrika se lugmarkte verwys na lande van waar die mense Suid-Afrika deur middel van lugvervoer kan bereik ✓

- Lande van waar meer as 60% van die aankomste deur middel van lugvervoer is (1)

b) Dit is makliker om Suid-Afrika te bereik met landvervoer ✓✓ DRI

- Dit is goedkoper om met landvervoer te reis in vergelyking met met lugvervoer.
- Landvervoer is meer toeganklik in vergelyking met lugvervoer.
- Meer mense steek die grense oor na hulel buurlande deur middel van landvervoer en reis verder noord in Afrika met vliegtuie (afstand). (2)

9.3.3 a) Asië and Australasië en Midde Ooste (MO) (-25.9%) ✓ DRI (1)

b) Europa (-13.4%) ✓ DRI (1)

**[24]**

**VRAAG 10**

10.1 Opvolg-oproepe ✓ CC

Vraelys – Persoonlike onderhoude ✓

- Geheime kliënte wat die werknemer-kliënte verhoudings evalueer

**NOTA:** *Opnames, SMS boodskappe en epos terugvoer – gewoonlik geen persoonlike kontak met die kliënte nie* (2)

10.2 Kliënte terugvoer lei tot ‘n bewusmaking van die probleemareas in die besigheid ✓ CC

Bestuurders kan oorgaan tot aksie om die probleme wat geïdentifiseer is, reg te stel en dan terugvoer aan die betrokke kliënte te gee. ✓

Besoekers wil nie graag dieselfde probleme oor en oor ervaar en oor kla nie / swak diens ✓

Kliënte sal tevrede wees met die diens ✓

- Besighede kan terugvoer gebruik om meer kompeterend te wees en om hulle dienslewering op te dateer. (4)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING E 30**

**TOTAAL 200**